

Ordination and induction, Jan Duvenhage, Hakboslaagte Josua 3,5-11&17 13.01.2019

1 Josua het die môre vroeg van Sittim af vertrek en by die Jordaan aangekom, hy en al die Israëliete. Hulle het daar oorgebly voor hulle deur die rivier sou trek. 2 Na drie dae het die beamptes die kamp deurgegaan 3 en die volk beveel: “Wanneer julle sien die Levitiese priesters dra die verbondsark van die Here julle God, moet julle van julle staanplekke af vertrek en die ark volg, 4 sodat julle kan weet watter pad om te gaan, want julle het nie vantevore met dié pad langs gegaan nie. Maar daar moet 'n behoorlike afstand wees tussen julle en die ark, omtrent nege honderd meter. Moenie te naby hom kom nie.”

5 Josua het vir die volk gesê: “Reinig julle, want môre gaan die Here wonders doen tussen julle.”

6 Vir die priesters het Josua gesê: “Tel die verbondsark op en stap voor die volk uit.” Hulle het die verbondsark opgetel en voor die volk uit geloop.

7 Toe sê die Here vir Josua: “Ek begin vandag om vir jou hoë aansien in die oë van die hele Israel te gee sodat hulle kan weet dat Ek by jou is soos Ek by Moses was. 8 Sê nou vir die priesters wat die verbondsark dra, hulle moet by die Jordaan gaan staan wanneer hulle by die waterkant kom.” 9 Josua het vir die Israëliete gesê: “Kom nader, luister na die woorde van die Here julle God!” 10 Daarna sê hy: “Hieraan sal julle weet dat die lewende God tussen julle is en dat Hy die Kanaäniete, Hetiete, Hewiete, Feresiete, Girgasiëte, Amoriëte en Jebusiete sekerlik sal verdryf om vir julle plek te maak: 11 Kyk, die verbondsark van die Here van die hele aarde sal voor julle uit die Jordaan in gaan.

17 Die priesters wat die verbondsark van die Here dra, het daar binne in die Jordaan op die droë bedding gaan staan terwyl die hele Israel oor die droë bedding deurgaen tot die hele nasie uiteindelik deur die Jordaan is.

Liewe Gemeente, liewe Jan,

Hierdie is die voorgeskrewe teks vir vandag - en ek is verbaas om te sien hoé goed dit op vandag se situasie pas. Dis vir my die eerste keer dat ek 'n pastor orden en dan ook dadelik in die gemeente bevestig (en aangesien my voorganger, Dieter Lilje, assisteer kan ek hom vra of hy dit in sy ampstyd ooit beleef het - so vêr ek kan onthou, nie)

Die ordinasie fokus gewoonlik op die rol van die pastor, terwyl die bevestiging op die pad van die gemeente en die pastor se rol daarin fokus.

Hierdie teks gee ons stof tot nadenke vir altwee. Ek wil vier punte van nader beskou:

1. 'n Nuwe begin vir die gemeente, 2. Almal is deel van die beroeping en die pad; 3. Pastor wees - God roep, God gee, God werk. 4. Is daar 'n bewys dat God met ons gaan?

1. 'n Nuwe begin vir die gemeente

Hierdie teks vertel ons hoedat Israel na veertig jaar in die woestyn nou uiteindelik die geloofde land binnegaan. Veertig jaar is 'n lang tyd, veral as dit 'n woestyn tyd is. Volgens die eerste boeke van die Ou Testament was dit lank genoeg sodat dit eintlik net Josua en 'n klein handjievol mense is wat daardie tydperk oorleef het. So, dis meer as 'n leeftyd. Feitlik niemand het iets anders geken as die woestyn wandeling nie. Dit was die normale lewe. Die belofte van 'n beloofde land was 'n droom van die voorvaders wat oorvertel is. Net Josua en Kaleb het die beloofde land ooit gesien. Die res het maar net gedroom.

Maar nou het die dag gekom dat hulle koers vat die toekoms in, koers vat om die roeping en belofte van God te beleef.

Baie was opgewonde, baie het seker gewonder: Hoekom? Ons kom mos goed reg hier in die woestyn? Dis nou wel nie die maklikste bestaan nie, maar ons is orraait!

Toe die hierdie gemeente twee jaar gelede ingestem het om Jan as vikaar op te neem was dit 'n groot waagstuk - 'n pastor wat geen Duits praat nie, vir 'n gemeente wat Duits as hooftaal het. Is dit wys? Vir sommiges was dit amper vanselfsprekend reg - want, het hulle geredeneer, as ons wil vooruit boer moet ons op Afrikaans konsentreer. Vir ander weer was dit ondenkbaar. Hierdie gemeente was van sy ontstaan af Duits. Hoe kan ons nou verander? Dis nou wel nie meer maklik nie, die gemeente krimp, ons kinders is nie almal meer Duits magtig nie, en ons eie Duits is ook nie te waffers nie, maar ons is orraait.

Vir Israel was daar 'n belofte wat die voorvaders gekry het wat immers daarop gedui het dat die woestyn nie die eindbestemming was nie. Maar het hierdie gemeente so 'n belofte wat daarop dui dat Duits nie die eindbestemming was nie? Interessant genoeg, ja! Hierdie gemeente het ontstaan omdat voorvaders 'n roeping gehad het om die Evangelie aan die hele wêreld te bring. Johannes 17,3 was hulle leidsvers: “En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus, wat deur U gestuur is.”

Dis onder hierdie vers dat die sendelinge in hierdie omgewing gekom het om vir die plaaslike bevolking van Jesus te vertel. Die nagevolge is tot vandag toe sigbaar. (Terloops, David Tswaedi, die direkteur van die Lutheran Communion of Southern Africa, stuur groete. Hy kom uit hierdie omgewing en is een van baie mense wat op grond van julle voorvaders se roeping vandag 'n Christen is)

Toe die voorvaders hier gekom het, was hulle hoofdoel nie, om hierdie gemeente te stig nie. Die Gemeente was 'n ondersteuningsbasis vir die hoofzaak.

Sedertdien het die gemeente sy eie momentum gekry, en 'n doel op sy eie geword. Die roeping was nou die Duitse gemeenskap, nasate van die Sendelinge, wat versorg moes word.

En nou het julle 'n pastor wat nie kan Duits praat nie. Hy leer wel, maar dit gebeur nie oornag nie. Ek glo dat julle besluit om dit te waag met die oorspronklike roeping

van julle voorvaders te doen het: dat almal die Evangelie van Jesus Christus kan hoor en in Christus glo.

Met die bevestiging van Jan as Pastor stap julle nou hierdie pad vorentoe. Ja, Jan wil Duits leer, en daar sal steeds Duitse dienste wees, maar daar is 'n groot klemverskuiwing wat beteken dat Afrikaans-magtiges nou ten volle deel kan wees van die gemeente en toegerus kan word om self dan weer draers van die Evangelie te wees.

2. Almal is deel van die beroeping en die pad.

Aan die een kant is dit ooglopend - wie wil nou in die woestyn alleen agter bly. Maar nou kom die oproep aan die volk: "Reinig julle, want môre gaan die Here wonders in julle midde doen" God wil nie net almal saam neem nie - hy wil graag sien dat almal wil saamkom. "Reinig julle" - met ander woorde: Neem bewys deel aan dit wat gebeur! Maak jouself doelgerig gereed vir die pad wat voorlê. Moenie maar net toeskouer wees nie! Moenie maar net saamloper wees nie. Die Here wil jou ten volle deel hê van die pad, hy wil hê dat jy ook verbaas sal word deur dit wat hy gaan doen. Liewe Gemeente, dis hoekom vandag nie net Jan se dag is nie - dit is julle dag! Die Here wil elkeen van julle saam neem op die pad, wil dat elkeen sal sien hoe wonderbaarlik hy julle gaan lei! Reinig julle - dit beteken: Sê Ja vir die pad wat voorlê. Verbind jouself opnuut om die Here te volg. Gaan Nagmaal toe, ontvang dit en sê: Ja, Here, ek is deel van U beweging.

Maar nou kom ons by Jan

3. Pastor wees - God roep, God gee, God werk

Daar is nogal heelwat mense wat dink dat Predikant wees 'n "glamour" werk is. Deur die loop van jare moes ek menige jong mens wat wou teologie studeer, daarvan afraai, omdat hulle van mening was dit is 'n pos wat vir hulle aansien gaan bring.

Vers 7 verlei 'n mens nogal om dit te glo, as die Here sê: "Ek begin vandag om vir jou hoë aansien in die oë van die hele Israel te gee"

Dit gebeur al te dikwels dat predikers amper dieselfde status kry as popsterre. Op die oomblik is die "profeet" Bushiri in die nuus nadat van sy gemeentelede in 'n vertrapping dood is. As 'n mens op sy kerk se webwerf gaan, is dit duidelik hoedat hy opgehemel word. Sy aanhangers is trots daarop om hom een van die rykste predikers ter wêreld te noem nie. Glorie en roem - dis mos ook wat aan Josua belowe word?

En is dit dan ook wat jy, Jan, te wagte kan wees as jy eers georden is? Wel, ons moet vêrder lees wat daar staan. God sê vir Josua: Want ék is met jou, soos wat ek met Moses was! Moses, en baie, baie geestelike leiers voor en na hom, het ervaar dat God hulle geroep het, dat dit God is wat vir hulle die krag vir die taak gee, en dat dit eintlik ook God is wat in die mense werk en sy volk bou. Maar hy, soos baie, baie ander, het ook die oomblikke gehad waar hy gedink het dis hý, hyself, wat so wonderlik is. In Moses se geval was die gevolg dat hy nie meer die beloofde land kon binnegaan nie. Vir baie, baie was die gevolg dat hulle vêr geval het, hulle bediening

opgehou het, en nog erger, dat baie mense, diep teleurgesteld, nie meer in God wou glo nie.

Liewe Gemeente, dis wonderlik om 'n pastor met goeie gawes te hê. Maar dit beteken niks as die Here self nie deur hom werk nie.

Jan, as die Here deur jou werk - en hy wil dit doen - sal mense dikwels dink dis jy wat so goed, so slim, so oulik is. Onthou altyd weer: Dis die Here! Jy mag bly wees as mense jou loof, as mense dankbaar is vir iets wat jy gedoen het. Maar moet nooit vergeet om dan die dank na die Here te verwys nie! Mag jy belewe, hoe hy deur jou werk!

En dit bring my nou by die laaste punt:

4. Is daar 'n bewys dat God met ons gaan?

"julle het nie vantevore met dié pad langs gegaan nie" sê die Here vir Josua. Daarom moet die ark hulle lei, en die volk moet sáam die ark volg.

Vir Israel was die ark van die verbond die sigbare teken: God gaan met ons. Later was Israel egter so vas oortuig van God se teenwoordigheid in die ark dat hulle gestry het daarvoor in wie se dorp die ark mag bly. En toe die ark gesteel is, was dit so goed asof iemand hulle God gesteel het.

Vir Christene het die kruis van Christus die teken vir Hom geword - en net so dikwels dan ook 'n valse hoop gewek dat dit God se teenwoordigheid waarborg.

Het ons 'n bewys? Nee, ons het nie. Maar ons het 'n belofte - dat die Here sê hy gaan vooruit. "Ek is met julle altyd"!

Die Nagmaal is so 'n belofte, dat Jesus sê: dit is ek - dit is my liggaam, my bloed, vir julle gegee. Ek is in julle midde! Eet, drink en wéét: Ek is daar! En jou deelname is soos 'n verbintenis van jou kant: Ek is ook deel van die volk! Ek stap saam!

Miskien die belangrikste "teken" van sy teenwoordigheid lê in die Bybel - nie soseer die toe boek in die rak nie - maar wanneer ons tyd neem om daarin te lees, daaruit te leer, daardeur gelei te word.

Jan, dit is dan ook een van jou belangrikste take - om altyd weer te vra: Here, wat sê U -waarheen moet ons gaan? Maar nie net Jan nie - elke gemeentelid behoort dit ten doel te stel om daagliks die Bybel te lees met die vraag: waarheen, Here? Wat is vandag se taak?

Ek is altyd weer verbaas om te sien hoedat die Here by belangrike dinge met meer as net een mens praat. As ek iets op die hart het, en ek dink: Dit kom van die Here - en dan praat ek met ander kerkleiers wat dieselfde gehoor het - dan weet ek: God is werklik hier, hy wil werklik lei, hy wil die pad vorentoe oop maak.

Liewe Jan, liewe gemeente - vandag is 'n belangrike dag in elkeen van julle se geskiedenis. God is aan die werk. Mag ons, soos die Israeliete, verbaas staan as ons sien hoedat hy wonderlike dinge doen!

Amen

Horst Müller, Biskop, ELKSA(N-T) Epos: hmuller@elcsant.org.za